Verwysing: 20170914-4944
3/1/3/1
Navrae: Kringbestuurders

Omsendbrief: 0034/2017
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders en Prinsipale van alle openbare skole

Kort opsomming: *Voorsiening van 2018 diensstate van staatsdiensondersteuningspersoneel aan gewone skole.*

Onderwerp: Voorsiening van 2018 diensstate van staatsdiensondersteuningspersoneel aan openbare skole

1. Die hersiening van diensstate van staatsdiensondersteuningspersoneel by openbare skole vir die tydperk van 01 April 2018 tot 31 Maart 2019 is in ooreenstemming met die goedgekeurde norme en standaarde uitgevoer.

2. Die hersienings hierbo genoem, is volgens die volgende beginsels uitgevoer:
   a) handhawing van stabiliteit by skole vir 2018;
   b) bepaling van die finansiële impak van meer staatsdiensondersteuningspersoneeltoewysings in ooreenstemming met begrotingsboorsiening vir die 2018/2019 mediumtermyn uitgaweraamwerk; en
   c) die rasionalisering van die toewysing van staatsdiensondersteuningspersoneel aan skole wat leerders verloor het, wat vereis dat die staatsdiensondersteuningspersoneeltoewysings met die goedgekeurde norme en standaarde in ooreenstemming gebring word.

3. Gegewe die huidige fiskale uitdagings ten opsigte van die vergoeding van werknemersbegroting van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), word goedkeuring verleen dat die 2017/18 staatsdienspersoneeltoewysings behou word by skole waarvan die leerdertalle vir die tydperk van 01 April 2018 tot 31 Maart 2019 dieselfde gebly het/toegeneem het. Skole wat poste as gevolg van leerderafname verloor, sal aangepaste staatsdiensondersteuningstoewysings vir die tydperk van 01 April 2018 tot 31 Maart 2019 ontvang.

4. Openbare skole wat staatsdiensondersteuningspersoneelposte op 01 April 2018 verloor en kontrakwerknemers in die geaffekteerde poste het, mag nie die kontrakte van die geaffekteerde werknemers verder as 31 Maart 2018 verleng nie. Skoolhoofde moet kontrakwerknemers nie later nie as 30 November 2017 in kennis stel dat hul kontrakte weens die afskaffing van poste nie verder as 31 Maart 2018 verleng sal word nie.

5. Openbare skole wat staatsdiensondersteuningspersoneel op 01 April 2018 kan verloor en permanente werknemers in die betrokke poste het, sal 'n botalligheidsverklaringsproses, soortgelyk aan dié wat vir opvoeders gevolg word, moet deurgaan. Alle personeel wat botallig verklaar word, sal by vakante poste by ander skole gepas en daarin geplaas word. Die pas- en plaasproses sal deur distrikskantore bestuur word. Alle botallige werknemers wat nie gepas en geplaas kan word nie, sal sonder veranderinge aan hul diensvoorwaardes by hul skole bly.

6. Indien permanente poste vakant sou word, sal botallige werknemers voorkeur geniet by die pas en plaas in sodanige poste voordat die vul van hierdie poste op 'n kontrakbasis goedgekeur word.

7. Slegs in die geval waar 'n gewone openbare en/of spesiale openbare skool binne die goedgekeurde norme en standaarde vir 'n addisionele staatsdiensondersteuningspersoneelpos of -poste kwalifiseer, en 'n oortollige staatsdienswerknemer of -werknemers het wat gewillig is om by die skool geplaas te word, sal die WKOD die skep van 'n staatsdiensondersteuningspersoneelpos goedkeur om die oortollige staatsdienswerknemer(s) te absorbeer.

8. Die 2018 diensstate van staatsdiensondersteuningspersoneel vir openbare skole sal op 29 September 2017 onder "Administration" op SOBIS gepubliseer word.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2017-09-23